

ESRA

Inleiding

Naam van die boek

Die boek *Esra* word verbind aan Esra, 'n skrifgeleerde in ballingskap wat deur die Persiese koning na Jerusalem as administrateur gestuur is. Die Joodse tradisie beskou *Esra* en *Nehemia* as een geskrif, geskryf deur Esra, 'n skrywer wat toegang tot amptelike korrespondensie en bronne gehad het. *Esra* en *Nehemia* word beskou as deel van die boeke *1* en *2 Kronieke* omdat ons daarin dieselfde teologiese gesigspunte vind.

Die tyd en plek van ontstaan

Esra het ontstaan ná die Jode se terugkeer uit die Babiloniese ballingskap in 538 vC. Die vertelling in die tweede deel van die boek speel af tydens koning Artasasta (of Artaxerxes) se bewind van 465 tot 424 vC, toe Esra as administrateur na Jerusalem gestuur is. Daar is meningsverskil oor die jaar waarin dit gebeur het. Die tradisionele standpunt is dat dit in die jaar 458 vC was. Esra 7:7 word hiervoor as argument aangevoer.

Skrywer

Daar word redelik algemeen aanvaar dat die samestellers van die boeke *1* en *2 Kronieke* ook *Esra* en *Nehemia* geskryf het. Dit word onder andere afgelei uit die feit dat Esra 4:8 – 6:18 en 7:12-26 in Aramees, die ampstaal van die Persiese ryk, geskryf is. Die skrywers

moes sowel dokumente wat handel oor Esra en Nehemia se lewens as ander bronne tot hulle beskikking gehad het.

Lesers

Die boek is gerig aan Jode wat ná Esra en Nehemia se tyd geleef het, moontlik in die vierde eeu vC, nadat die Grieke die Perse verslaan het. Die doel van *Esra* is onder andere om die Jode aan te moedig om in hulle geloof te volhard.

Temas en motiewe

Esra beklemtoon dat alles wat gebeur, die gevolg is van God se soewereine regering oor die geskiedenis van Israel; dat Hy selfs heidenkonings gebruik om sy doel te bereik; dat die heilige God van sy volk verwag om suiwer en afgesonder van die wêreld te leef; dat God se Woord die primêre riglyn moet wees wat sy kinders volg; en dat God na gebed luister.

Opbou van die boek

Die boek kan in twee hoofdele verdeel word wat parallel is aan mekaar, en dieselfde patroon kom in 'n groot mate in *Nehemia* voor.

1:1-4 Kores laat 50 000 Jode na Jerusalem terugkeer

1:5 – 6:22 Deel 1: Terugkeer uit ballingskap en herbou van die tempel

1:1-4 Vergunning van Kores

1:5-11 Terugkeer na Jerusalem

2:1-70 Lyste van teruggekeerdes

3:1 – 4:5 Herbou van die altaar, begin van herbou van tempel en teenstand daarteen

- 4:6-24 Openlike teenstand teen die herbou
- 5:1 – 6:22 Herbou van die tempel
- 7:1 – 10:44 Deel 2: Optrede van Esra
 - 7:1-10 Esra kom na Jerusalem
 - 7:11-28 Artasasta se brief aan Esra
 - 8:1-36 Esra se reis na Jerusalem
 - 9:1-15 Skuldbelydenis van die Jode
 - 10:1-44 Vreemde vroue weggestuur

1

Die ballinge keer terug na Jerusalem

¹ In die eerste regeringsjaar van Kores, koning van Persië, sou die belofte vervul word wat die HERE by monde van Jeremia aangekondig het. Die HERE het Kores, koning van Persië, in sy gemoed oortuig^a om die volgende berig mondeling, en ook skriftelik, aan sy hele koninkryk te stuur: ²“So sê Kores, koning van Persië, ‘Al die koninkryke op aarde het die HERE, die God van die hemel, aan my gegee en Hy het dit aan my opgedra om vir Hom 'n huis te bou in Jerusalem, wat in Juda is.

³ Enigiemand onder julle wat aan enige deel van sy volk behoort – mag sy God met hom wees – word toegelaat om na Jerusalem in Juda te gaan om die huis te herbou van die HERE, die God van Israel, die God wat in Jerusalem is. ⁴ En almal wat agterbly op al die plekke waar diegene wat wil teruggaan as vreemdelinge gewoon het, dit wil sê die mense van hulle omgewing, moet diegene wat wil teruggaan ondersteun met silwer, goud, goedere en lewende hawe. Hulle moet

^a1:1 *in sy ... oortuig*: Letterlik “sy gees wakker maak”.

ook vrywillige gawes gee vir die huis van die God wat in Jerusalem is.’ ”

⁵ Die familiehoofde van Juda en Benjamin, asook die priesters en Leviëte, elkeen wat in sy gemoed deur God oortuig is, het gereedgemaak om op te trek om die huis van die HERE in Jerusalem te herbou. ⁶ Al die mense in hulle omgewing het hulle ondersteun met voorwerpe van silwer, met goud, goedere, vee en kosbare geskenke, afgesien van alles wat ook nog vrywillig gegee is. ⁷ Koning Kores het al die voorwerpe van die huis van die HERE wat Nebukadnesar uit Jerusalem weggeneem en in die huis van sy gode gesit het, daar laat uithaal. ⁸ Koning Kores van Persië het dit onder toesig van Midredat, die tesourier, laat verwyder, wat dit toe vir Sesbassar, die Judese leier, afgetel het.

⁹ Onder die getal voorwerpe was:

30 bakke van goud

1 000 bakke van silwer

29 messe

¹⁰ 30 bakkies van goud

410 dubbelbakkies^b van silwer

1 000 ander voorwerpe.

¹¹ Altesaam was daar 5 400 voorwerpe van silwer en goud. Al hierdie voorwerpe het Sesbassar saamgeneem toe die ballinge van Babel na Jerusalem opgetrek het.

^b1:10 *30 bakkies ... dubbelbakkies*: Daar bestaan onsekerheid oor die presiese vorm van die artikels.

2

'n Lys van die ballinge wat teruggekeer het

¹ Hier volg 'n lys van die inwoners van die provinsie wat uit die ballingskap weggetrek het. Dit is mense wat Nebukadnesar, die koning van Babel, as ballinge na Babel weggevoer het. Hulle het na Jerusalem en Juda teruggekeer, elkeen na sy eie dorp, ² en saam met Serubbabel, Jesua, Nehemia, Seraja, Reëlaja, Mordegai, Bilsan, Mispar, Bigwai, Regum en Baäna daar aangekom.

Die aantal mans uit die volk Israel was:

³ 2 172 afstammeling van Paros,

⁴ 372 afstammeling van Sefatja,

⁵ 775 afstammeling van Arag,

⁶ 2 812 afstammeling van Pagat-Moab, wat die nageslag van Jesua en Joab is,

⁷ 1 254 afstammeling van Elam,

⁸ 945 afstammeling van Sattu,

⁹ 760 afstammeling van Sakkai,

¹⁰ 642 afstammeling van Bani,

¹¹ 623 afstammeling van Bebai,

¹² 1 222 afstammeling van Asgad,

¹³ 666 afstammeling van Adonikam,

¹⁴ 2 056 afstammeling van Bigwai,

¹⁵ 454 afstammeling van Adin,

¹⁶ 98 afstammeling van Ater, wat die nageslag van Hiskia is,

¹⁷ 323 afstammeling van Besai,

¹⁸ 112 afstammeling van Jora,
¹⁹ 223 afstammeling van Gasum,
²⁰ 95 afstammeling van Gibbar,
²¹ 123 afstammeling uit Betlehem,
²² 56 manne van Netofa,
²³ 128 manne van Anatot,
²⁴ 42 afstammeling uit Asmawet,
²⁵ 743 afstammeling uit Kirjat-Jearim, Kefira en Beërot,
²⁶ 621 afstammeling uit Rama en Geba,
²⁷ 122 manne van Mikmas,
²⁸ 223 manne van Bet-El en Ai,
²⁹ 52 afstammeling uit Nebo,
³⁰ 156 afstammeling van Magbis,
³¹ 1 254 afstammeling van 'n ander Elam,
³² 320 afstammeling van Garim,
³³ 725 afstammeling uit Lod, Gadid en Ono,
³⁴ 345 afstammeling uit Jerigo,
³⁵ 3 630 afstammeling uit Senaä.

³⁶ Die priesters was:

973 afstammeling van Jedaja, dit wil sê die familie van Jesua,
³⁷ 1 052 afstammeling van Immer,
³⁸ 1 247 afstammeling van Pasgur,
³⁹ 1 017 afstammeling van Garim.

⁴⁰ Die Leviete was:

74 afstammeling van Jesua en Kadmiël, dit wil sê die nageslag van Hodauja.

⁴¹ Die sangers was:

128 afstammeling van Asaf.

⁴² Die afstammeling van die poortwagters, van Sallum, Ater, Talmon, Akkub, Gatita en Sobai was altesaam 139.

⁴³ Die tempelbediendes was:

afstammeling van Siga, Gasufa en Tabbaoth,

⁴⁴ afstammeling van Keros, Sia en Padon,

⁴⁵ afstammeling van Lebana, Gagaba en Akkub,

⁴⁶ afstammeling van Gagab, Salmi en Ganan,

⁴⁷ afstammeling van Giddel, Gagar en Reaja,

⁴⁸ afstammeling van Resin, Nekoda en Gassam,

⁴⁹ afstammeling van Ussa, Paseag en Besai,

⁵⁰ afstammeling van Asna, Meünim en Nefusim,

⁵¹ afstammeling van Bakbuk, Gakufa en Gargur,

⁵² afstammeling van Baslut, Megida en Garsa,

⁵³ afstammeling van Barkos, Sisera en Temag,

⁵⁴ afstammeling van Nesiag en Gatifa.

⁵⁵ Die nageslag van Salomo se werkers was:

afstammeling van Sotai, Soferet en Peruda,

⁵⁶ afstammeling van Jala, Darkon en Giddel,

⁵⁷ afstammeling van Sefatja, Gattil, Pokeret-Sebajim en Ami.

⁵⁸ Die tempelbediendes en die nageslag van Salomo se werkers was altesaam 392.

⁵⁹ Daar was ook mense wat uit Tel-Melag, Tel-Garsa, Kerub-Addan en Immer opgetrek het, maar wat nie kon aandui of hulle voorgeslagte en diegene se nageslag van Israel afgestam het nie. ⁶⁰ Dit was 652 afstammeling van Delaja, Tobija en Nekoda.

⁶¹ Uit die nageslag van priesters was daar afstammeling van Gobaja, Kos en Barsillai – 'n man wat een van die dogters van Barsillai, die Gileadiet, as vrou geneem het en toe na hulle vernoem is. ⁶² Hierdie mense het hulle inskrywings in die geslagsregisters probeer opspoor, maar kon dit nie vind nie. Hulle is toe as onrein vir die priesterskap verklaar. ⁶³ Die administrateur het hulle laat weet dat hulle nie van die besonder heilige gawes* mag eet nie, totdat 'n priester aan diens kom wat die urim en tummim* kon hanteer.

⁶⁴ Die lede van die gemeenskap was altesaam 42 630, ⁶⁵ afgesien van hulle 7 337 slawe en slavinne. Hulle het ook nog 200 sangers en sangeresse gehad, ⁶⁶ asook 736 perde, 245 muile, ⁶⁷ 435 kamele en 6 720 donkies.

⁶⁸ Toe hulle by die huis van die HERE wat in Jerusalem is, aankom, het party van die familiehoofde vrywillige bydraes gegee om die huis van God op sy plek te herbou. ⁶⁹ Hulle het na vermoë tot die boufonds

*2:63 Num 18:9-10

*2:63 Lev 8:8

bygedra: 61 000 goue dragmas,^c 5 000 silwerminas^d en 100 priesterrokke.

⁷⁰ Die priesters, Leviete, 'n deel van die volk, die tempelsangers, die poortwagters en die tempelbediendes het hulle in hulle dorpe^e gevestig en al die ander Israeliëte in hulle eie dorpe.

3

Die tempel word herbou

¹ Met die aanbreek van die sewende maand was die Israeliëte al in hulle dorpe. Die volk het toe soos een man in Jerusalem bymekaargekom. ² Jesua, seun van Josadak en sy medepriesters, en Serubbabel, seun van Sealtiël* en sy ampsgenote, het gereedgemaak en die altaar van die God van Israel gebou om brandoffers daarop te bring soos daar geskryf staan in die wet van Moses, die man van God.

³ Alhoewel hulle bang was vir die mense in die omgewing, het hulle die altaar op sy oorspronklike plek opgerig en die oggend en die aand se brandoffers* vir die Here daarop geoffer. ⁴ Hulle het ook die huttefees gevier soos voorgeskryf, en die aantal daaglikse brandoffers soos voorgeskryf vir elke dag, ⁵ en ook die gereelde brandoffers: die offers met nuwemaan, die offers by al die gewyde feeste van die HERE, sowel as dié by al die vrywillige gawes aan die HERE. ⁶ Vanaf die eerste dag

^c2:69 *goue dragmas*: Dit was goue munte wat elk 8,42 gram geweeg het.

^d2:69 *silwerminas*: Dit was gewigte van silwer wat elk ongeveer 570 gram (1/60 talent) geweeg het.

^e2:70 *Die priesters ... hulle dorpe*: Dit is in Jerusalem en omgewing.

*3:2 Matt 1:12; Luk 3:27

*3:3 Eks 29:38-46; Num 28:3-8

van die sewende maand het hulle die brandoffers vir die HERE begin offer. Die fondament van die tempel van die HERE was egter nog nie gelê nie.

⁷ Die klipkappers en vakmanne is met silwer betaal. Die Sidoniërs en Tiriërs is met kos, drank en olyfolie betaal, om met die magtiging van Kores, die koning van Persië, vir hulle sederhout vanaf die Libanon tot by die see by Joppe te bring. ⁸ In die tweede maand van die tweede jaar ná hulle aankoms by die huis van God in Jerusalem, het Serubbabel, seun van Sealtiël, en Jesua, seun van Josadak, en die res van hulle ampsgenote, naamlik die priesters en Leviëte, asook almal wat uit die ballingskap in Jerusalem aangekom het, met die werk begin. Hulle het die Leviëte van twintig jaar en ouer aangestel om oor die daaglikse werk aan die huis van die HERE toesig te hou. ⁹ Jesua, sy seuns en sy ampsgenote, Kadmiël en sy seuns, afstammeling van Hodauja,^f moes gesamentlik toesig hou oor diegene wat die werk gedoen het aan die huis van God. Hulle was die nageslag van Genadad; hulle seuns en broers was Leviëte. ¹⁰ Toe die bouers die fundamente van die tempel van die HERE gelê het, het die toesighouers die priesters in ampsdrag gereed laat staan met trompette, en die Leviëte, die nageslag van Asaf, met simbale, om die HERE te loof volgens die voorskrifte van Dawid, koning van Israel. ¹¹ Terwyl die HERE geloof en gedank is, het hulle geantwoord met: “Want Hy is goed, ja, sy troue liefde oor Israel is vir altyd!”* Die hele volk het baie hard gejuig toe die HERE geloof is, omdat die fondament van die huis van die HERE gelê is. ¹² Baie van die

^f3:9 *afstammeling van Hodauja*: Die bronteks lui “afstammeling van Juda”; vgl Esr 2:40.

*3:11 Ps 118

priesters en die Leviete en die familiehoofde, die oumense wat die eerste huis gesien het, het hardop gehuil toe die fundamente van hierdie huis voor hulle oë gelê is, maar baie ander het hardop uitgeroep van vreugde.

¹³ Niemand van die volk kon die klank van die vreugdekrete onderskei van die klank van die volk se gehuil nie; want die volk het so hard geskreeu dat dit baie ver gehoor kon word.

4

Die Jode bou die tempel ten spyte van teenstand

¹ Die vyande van Juda en Benjamin het gehoor dat die teruggekeerde ballinge besig was om 'n tempel vir die HERE, die God van Israel, te bou. ² Hulle het Serubbabel en die familiehoofde genader met die versoek: “Laat ons julle help bou, want soos julle, streef ons ook die wil van julle God na. Ons bring al aan Hom offers sedert Esarhaddon, koning van Assirië, ons hierheen gebring het.” ³ Serubbabel en Jesua en die res van die familiehoofde van Israel antwoord hulle toe: “Julle het niks met ons te doen wanneer dit kom by die bou van die huis van ons God nie, want ons alleen sal dit vir die HERE, die God van Israel bou,* soos Kores, koning van Persië, ons beveel het.”

⁴ Die mense van die land wou toe die volk van Juda probeer ontmoedig en hulle afskrik om te bou. ⁵ Hulle het ook dwarsdeur die bewindstyd van Kores, koning van Persië, tot in die regeringstyd van Darius, koning van Persië, raadgewers teen hulle gehuur om hulle planne te verydel. ⁶ Reeds aan die begin van Ahasveros se bewind het

*4:3 Joh 4:9

hulle 'n klagskrif teen die inwoners van Juda en Jerusalem opgestel,⁷ en in die dae van Artasasta het Bislam, Mitredat, Tabeël en die res van hulle ampsgenote aan die koning van Persië 'n brief geskryf. Dit is in Aramees geskryf, en vertaal.

In Aramees:^g

⁸ Daarna het Regum, hoof van die koninklike verteenwoordigers, en Simsai, die sekretaris, die volgende brief aan koning Artasasta oor Jerusalem geskryf.

⁹ Van Regum, hoof van die koninklike verteenwoordigers, en Simsai, die sekretaris, en ook die res van hulle ampsgenote; die regters, amptenare, Persiese gesante, verteenwoordigers van Uruk, Babilonië en Susa se Elamiete,¹⁰ en van die ander volke wat die groot en beroemde Asnappar weggevoer en in die stad Samaria laat woon het, en van die res van die mense van Wes-Eufraat.^h

¹¹ (Dit is 'n afskrif van die brief wat hulle aan hom gestuur het.)

Aan Artasasta, die koning. Van u dienaars, die mense van Wes-Eufraat.

¹² Ons stel die koning in kennis dat die Judeërs wat van u af vertrek het, by ons aangekom het en in Jerusalem is. Hulle herbou

^g4:8 *Aramees*: Die bronteks is van 4:8 – 6:18 in Aramees geskryf.

^h4:10 *Wes-Eufraat*: Die Aramese teks lui “oorkant die rivier”. Dit verwys na die provinsie wes van die Eufraatrivier waarvan Palestina 'n deel was.

daardie opstandige en slegte stad. Nadat hulle die fundamente reggemaak het, is hulle nou besig om die mure op te rig. ¹³ Die koning weet tog dat, sodra daardie stad herbou is en die mure voltooi is, hulle nie meer belasting, heffings en tolgeld sal betaal nie, en dat die koning se inkomste daaronder sal ly. ¹⁴ Aangesien ons lojaal is aan die koningⁱ en omdat dit nie vir ons reg is om te sien dat die koning se eer aangetas word nie, stuur ons hierdie brief om die koning in te lig, ¹⁵ sodat dit in die kronieke van u voorgangers nageslaan kan word. U sal in die kronieke vind dat hierdie stad nog altyd 'n opstandige stad was wat skade veroorsaak het vir die konings en die provinsies en wat opstand in hulle midde gestook het. Dit is waarom dit vernietig is. ¹⁶ Ons deel die koning mee dat, wanneer daardie stad herbou is en die mure voltooi is, u nie meer enige beheer oor Wes-Eufraat sal hê nie.

¹⁷ Die koning het toe die volgende boodskap gestuur:

Aan Regum, die hoof van die koninklike verteenwoordigers, en Simsai, die sekretaris, en die res van hulle ampsgenote wat in Samaria woon, en aan die res van die mense van Wes-Eufraat: Vrede!

¹⁸ Die brief wat julle aan ons gestuur het, is vertaal en aan my voorgelees. ¹⁹ Ek het toe opdrag gegee en ondersoek is ingestel; en daar is bevind dat daardie stad hom van altyd af teen konings verset het en dat opstand en oproer daar gestook is. ²⁰ Daar was

ⁱ4:14 *lojaal ... koning*: Die Aramese idioom is “deel het aan die paleis se sout”.

al magtige konings oor Jerusalem. Hulle het die hele Wes-Eufraat geregeer en belasting, heffings en tolgeld is aan hulle betaal. ²¹ Gee daarom opdrag dat hierdie manne moet ophou werk. Daardie stad mag nie herbou word totdat ek die opdrag gee nie. ²² Wees versigtig om nie nalatig hiermee te wees nie. Waarom moet die koning deur nog groter skade benadeel word?

²³ Onmiddellik nadat die afskrif van die brief van koning Artasasta aan Regum en Simsai, die sekretaris, en hulle ampsgenote voorgelees is, het hulle inderhaas na Jerusalem gegaan, na die Judeërs, en hulle met mag en geweld gedwing om die werksaamhede te staak. ²⁴ Die werk aan die huis van die God van Jerusalem is toe gestaak tot in die tweede regeringsjaar van Darius, koning van Persië.

5

Die werksaamhede word hervat

¹ Toe het die profete Haggai en Sagaria, kleinseun van Iddo, teen die Judeërs in Juda en Jerusalem begin profeteer in die naam van die God van Israel onder wie se gesag hulle gestaan het. ² Serubbabel, seun van Sealtiël, en Jesua, seun van Josadak, het gereedgemaak en die bouwerk aan die huis van die God van Jerusalem hervat. Hulle is daarin ondersteun deur die profete van God.

³ In daardie tyd het Tattenai, goewerneur van Wes-Eufraat, Setar-Bosnai en hulle ampsgenote na hulle gekom en vir hulle gevra: “Wie het julle opdrag gegee om hierdie huis te herbou en hierdie

struktuur te voltooi?”⁴ Hulle het ook gevra:^j “Wat is die name van die manne wat hierdie gebou oprig?”

⁵ Maar hulle God het 'n oog gehou oor die oudstes van die Judeërs en daardie manne kon dit nie regkry dat hulle ophou bou voordat die verslag Darius bereik en hulle die beslissing hieroor ontvang het nie.

Die goewerneur se brief aan koning Darius

⁶ Hier volg die afskrif van die brief wat Tattenai, goewerneur van Wes-Eufraat, asook Setar-Bosnai en sy ampsgenote, die amptenare van Wes-Eufraat, aan koning Darius gestuur het. ⁷ Hulle het soos volg geskryf in die brief wat hulle aan hom gestuur het:

Aan koning Darius: Alle vrede!

⁸ Ons stel graag die koning in kennis dat ons na die provinsie Juda gegaan het, na die huis van die groot God. Dit word met groot klippe gebou en balke word in die mure gelê. Die werk word sorgvuldig gedoen en vorder goed onder hulle hande. ⁹ Ons het daardie grysaards toe uitgevra, en dit is wat ons vir hulle gesê het, “Wie het julle opdrag gegee om hierdie huis te herbou en hierdie struktuur te voltooi?” ¹⁰ Ons het hulle ook hulle name gevra sodat ons die name van die manne wat aan die hoof staan vir u ter inligting kon neerskryf.

¹¹ Hulle het ons soos volg geantwoord, “Ons is die dienaars van die God van hemel en aarde en ons herbou die huis wat baie jare

^{i5:4} *Hulle ... gevra:* Die lesing van die Septuaginta word hier gevolg. Die Hebreeuse bronteks lui “so het ons dan vir hulle gesê”.

voor hierdie een gebou is. 'n Groot koning van Israel het dit gebou en voltooi. ¹² Maar omdat ons voorouers die God van die hemel kwaad gemaak het, het Hy hulle aan die mag van Nebukadnesar, koning van Babel, die Galdeër, uitgelewer. Hy het hierdie huis afgebreek en die volk na Babel weggevoer. ¹³ Maar in die eerste jaar van Kores, koning van Babel, het koning Kores opdrag gegee dat hierdie huis van God herbou moet word. ¹⁴ Ook die voorwerpe van goud en silwer van die huis van God wat Nebukadnesar uit die tempel wat in Jerusalem was, weggeneem het en na die tempel in Babel geneem het, het koning Kores verwyder uit die tempel in Babel. Dit is oorhandig aan 'n persoon met die naam Sesbassar wat hy as goewerneur aangestel het. ¹⁵ Hy het ook vir hom gesê, 'Neem hierdie voorwerpe en gaan sit dit terug in die tempel in Jerusalem en laat die huis van God op sy plek herbou word.' ¹⁶ Toe het daardie Sesbassar gekom en die fondament van die huis van die God van Jerusalem gelê. Dit is van toe af tot nou in aanbou en is nog nie voltooi nie."

¹⁷ Daarom, as die koning dit goedvind, laat daar ondersoek ingestel word in die koninklike skatkamers daar in Babel of dit so is dat koning Kores opdrag gegee het vir die herbou van hierdie huis van God in Jerusalem. Die koning moet dan sy beslissing hieroor vir ons stuur.

6

Die argiewe word nagegaan

¹ Toe het koning Darius opdrag gegee en daar is ondersoek ingestel in die argiewe waar kosbaarhede daar in Babel bewaar word. ² In die vesting Agmeta, in die provinsie Medië, is 'n boekrol gevind waarin daar die volgende geskryf staan:

'n Verslag:

³ In sy eerste regeringsjaar het koning Kores die volgende opdrag gegee, “Wat betref die huis van God in Jerusalem: Die huis moet gebou word as 'n plek waar offers gebring word. Die fundamente moet gelê word; die hoogte moet sestig el en die breedte sestig el^k wees, ⁴ gebou met drie lae groot klippe en 'n laag nuwe hout. Die boukoste sal uit die koninklike skatkis gedelg word. ⁵ En verder: Die voorwerpe van goud en silwer van die huis van God wat Nebukadnesar uit die tempel wat in Jerusalem was, verwyder en na Babel gebring het, moet teruggestuur word, en na die tempel in Jerusalem, hulle plek, gaan. Sit dit in die huis van God.”

Die brief van koning Darius

⁶ Aan Tattenai, goewerneur van Wes-Eufraat, Setar-Bosnai, en julle ampsgenote, die amptenare wat wes van die Eufraat is:

Bly weg daar! ⁷ Laat die werk aan daardie huis van God

^k6:3 *el*: Een el was ongeveer 45 cm. 60 el was omtrent 27 meter.

voortgaan. Laat die Judeërs se goewerneur en hulle oudstes daardie huis van God op sy plek herbou! ⁸ Ek gee nou opdrag oor wat julle saam met hierdie oudstes van die Judeërs moet doen om daardie huis van God te bou: Uit die koninklike staatskas – in besonder uit die belasting van Wes-Eufraat – moet die uitgawes van daardie manne ten volle vergoed word, sodat die werk nie onderbreek word nie. ⁹ En wat hulle nodig het, jong bulle, ramme en lammers as brandoffers vir die God van die hemel, koring, sout, wyn en olie, moet, op versoek van die priesters in Jerusalem, daaglik en stiptelik aan hulle gelewer word, ¹⁰ sodat hulle offers met 'n aangename geur aan die God van die hemel kan bring, en kan bid vir die lewe van die koning en sy seuns. ¹¹ Ek gee ook opdrag dat elke persoon wat hierdie beslissing wysig, met 'n balk wat uit sy huis geruk is, deurboor en opgehang moet word. Van sy huis moet ook 'n puinhoop gemaak word. ¹² En mag die God wat sy Naam daar laat woon, elke koning en volk tot 'n val bring wat 'n hand uitsteek om hierdie beslissing te wysig en sodoende daardie huis van God wat in Jerusalem is, te vernietig. Ek, Darius, gee so opdrag. Dit moet noukeurig uitgevoer word.

^{16:11} *deurboor ... word:* Die paal is skerp gemaak en van onder af in die longe ingeslaan. So is die persoon opgehang om te sterf.

Die tempel word in gebruik geneem

¹³ Daarna het Tattenai, die goewerneur van Wes-Eufraat, en Setar-Bosnai en hulle ampsgenote dit net so, op grond van die brief wat koning Darius gestuur het, noukeurig uitgevoer. ¹⁴ Die oudstes van die Judeërs het aanhou bou en was voorspoedig, danksy die profetiese prediking van die profeet Haggai en Sagaria, seun van Iddo. Hulle het gebou en die werk voltooi volgens die opdrag van die God van Israel en die opdragte van Kores, Darius en Artasasta, die konings van Persië. ¹⁵ Hierdie huis is op die derde dag van die maand Adar in die sesde jaar van koning Darius se regering voltooi.

¹⁶ Die Israeliete, die priesters, die Leviete en die res van die ballinge het die wyding van hierdie huis van God met vreugde gevier. ¹⁷ Vir die wyding van hierdie huis van God het hulle honderd bulle, tweehonderd ramme en vierhonderd lammers geoffer, en, in ooreenstemming met die getal stamme van Israel, ook nog twaalf bokramme as reinigingsoffer vir die hele Israel. ¹⁸ Hulle het die priesters in hulle afdelings en die Leviete in hulle groepe opgestel vir die diens van God wat in Jerusalem is, soos dit in die boek van Moses geskryf staan.^m

¹⁹ Die ballinge het die Paasfees* op die veertiende dag van die eerste maandⁿ gevier: ²⁰ Die priesters en Leviete het hulle soos een man gereinig, en toe hulle almal rein was, het die Leviete die paaslam geslag vir al die ballinge, vir hulle ampsgenote, die priesters, en vir hulleself. ²¹ Die Israeliete wat uit die ballingskap teruggekeer het, het die pasga

^m6:18 *geskryf staan*: Die Aramese teks eindig hier.

ⁿ6:19 *veertiende ... eerste maand*: Dit is tydens volmaan rondom April.

geëet.^o En almal wat hulle afgeskei het van die onreinheid van die volk van die land,^p om die wil van die HERE die God van Israel na te streef, het dit ook gedoen. ²² Hulle het die fees van die ongesuurde brode sewe dae lank met blydschap gevier, want die HERE het hulle bly gemaak deurdat Hy die gesindheid van die koning van Assirië teenoor hulle verander het, sodat hy hulle hande sterk gemaak het vir die werk aan die huis van God, die God van Israel.

7

Die terugkeer na Jerusalem

¹ Ná hierdie gebeure, tydens die regering van Artasasta, koning van Persië, het Esra na vore getree. Hy was 'n seun van Seraja, seun van Asarja, seun van Gilkija, ² seun van Sallum, seun van Sadok, seun van Agitub, ³ seun van Amarja, seun van Asarja, seun van Merajot, ⁴ seun van Seragja, seun van Ussi, seun van Bukki, ⁵ seun van Abisua, seun van Pinehas, seun van Eleasar, seun van Aäron, die hoëpriester.

⁶ Hierdie Esra het opgetrek uit Babel. Hy was self 'n skrifgeleerde, kundig in die wet van Moses^q wat die HERE, die God van Israel, gegee het. Die koning het alles wat hy gevra het aan hom gegee, omdat die HERE, sy God, se hand oor hom was.

⁷ Nog ander Israëliete en van die priesters, die Leviëte, die sangers, poortwagters en tempelbediendes het ook in die sewende regeringsjaar van koning Artasasta na Jerusalem opgetrek. ⁸ Esra het in die vyfde

^o6:21 *het ... geëet*: Die lesing van die Septuaginta word hier gevolg.

^p6:21 *volk ... land*: Die nie-Jode wat in die land gewoon het, is as onrein beskou.

^q7:6 *die wet van Moses*: Dit verwys na die eerste vyf boeke van die Ou Testament.

maand in Jerusalem aangekom. Dit was in die sewende regeringsjaar van die koning: ⁹ Die reis uit Babel het begin op die eerste dag van die eerste maand en hy het op die eerste dag van die vyfde maand in Jerusalem aangekom, omdat die goeie hand van sy God oor hom was. ¹⁰ Esra het hom immers daarop toegelê om die wet van die HERE te bestudeer en dit te gehoorsaam en om die voorskrifte en reëls in Israel vir mense te leer.

Die brief van koning Artasasta

¹¹ Dit is 'n afskrif van die brief^r wat koning Artasasta gegee het aan Esra die priester, die skrifgeleerde, kenner van sake in verband met die wette van die HERE en sy voorskrifte aan Israel:

¹² Artasasta, koning van die konings,
aan Esra, die priester, kenner van die wet van die God van die hemel:

Gegroet!

¹³ Ek het opdrag gegee dat enigiemand in my koninkryk uit die volk Israel en van sy priesters en Leviete wat gewillig is om na Jerusalem te gaan, saam met jou mag gaan. ¹⁴ Daarom word jy deur die koning en sy sewe raadgewers gestuur om ondersoek in te stel oor Juda en Jerusalem, in ooreenstemming met die wet van jou God wat jy ter hand het, ¹⁵ en om die silwer en goud saam te neem wat die koning en sy raadgewers vrywillig bygedra het vir die God van Israel wie se woning in Jerusalem is, ¹⁶ asook al die

^r7:11 *afskrif van die brief*: Die brief is in Aramees geskryf.

silwer en goud wat jy in die hele provinsie van Babel sal vind, sowel as die vrywillige bydraes van die volk en die priesters wat hulle gee vir die huis van hulle God wat in Jerusalem is. ¹⁷ Jy moet daarna noukeurig aankope doen met hierdie geld: bulle, ramme, lammers en graan- en drankoffers wat daarby hoort. Offer dit dan op die altaar van die huis van julle God wat in Jerusalem is.

¹⁸ En wat jy en jou ampsgenote ook al goed mag vind om met die res van die silwer en die goud te doen, doen dit in ooreenstemming met die wil van julle God. ¹⁹ Die tempelgerei wat aan jou oorhandig word vir die dienswerk in die huis van jou God moet jy aflewer voor die God van Jerusalem. ²⁰ Die res van wat benodig word vir die huis van jou God en wat jy dalk moet verskaf, kan jy betaal uit die staatskas van die koning.

²¹ Ek, koning Artasasta, het die volgende opdrag gegee aan al die tesouriere in Wes-Eufraat: “Alles wat Esra, die priester, kenner van die wet van die God van die hemel, julle vra, moet noukeurig gelewer word, ²² tot 'n honderd talente^s silwer en 'n honderd kor^t koring en 'n honderd bat^u wyn en 'n honderd bat olie en sout sonder beperking. ²³ Alles wat in ooreenstemming met die bevel van die God van die hemel is, moet vir die huis van die God van die hemel op die regte manier uitgevoer word; want waarom moet die toorn van God rus op die ryk van die koning en sy seuns?

²⁴ Verder word julle ook in kennis gestel dat dit nie toelaatbaar is

^s7:22 *talente*: 'n Talent gewig was ongeveer 34,2 kilogram.

^t7:22 *kor*: Dit was 'n inhoudsmaat van ongeveer 220 liter.

^u7:22 *bat*: Dit was 'n inhoudsmaat vir vloeistof van ongeveer 22 liter. Honderd bat sou dus ongeveer 2 200 liter wees.

om van enige van die priesters en Leviete, sangers, poortwagters, tempelbediendes en ander dienaars in hierdie huis van God, belasting, heffings en tolgeld te vra nie.”

²⁵ En jy, Esra, deur die wysheid van jou God waaroor jy beskik, moet jy regsamptenare en regters aanstel wat die regsake van die hele volk in Wes-Eufraat kan behartig, almal wat die wette van jou God ken. En as iemand dit nie ken nie, moet julle hom leer.

²⁶ Teen elkeen wat nie die wet van jou God en die wet van die koning onderhou nie, moet streng geregtelike stappe gedoen word, hetsy deur die doodstraf, verbanning, beslaglegging of tronkstraf.^v

Esra se dankbaarheid

²⁷ Prys die HERE, die God van ons voorouers! Dit is Hy wat dit op so 'n manier in die koning se hart gelê het om luister te verleen aan die huis van die HERE wat in Jerusalem is, ²⁸ en wat aan my sy troue liefde bewys het voor die koning en sy raadgewers en al die magtige amptenare van die koning. En ek, ek het moed geskep omdat die hand van die HERE my God oor my was, en ek het besluit om die familiehoofde uit Israel bymekaar te laat kom om saam met my te reis.

8

Die tweede groep ballinge gaan na Jerusalem

¹ Dit is die familiehoofde, met hulle geslagsregisters, wat tydens die regering van koning Artasasta saam met my opgetrek het uit Babel:

^v7:26 *tronkstraf*: Hier eindig die Aramese teks.

- ² Gersom, uit die nageslag van Pinehas;
Daniël, uit die nageslag van Itamar;
Gattus, uit die nageslag van Dawid;
- ³ manne uit die nageslag van Seganja;
Sagaria, uit die nageslag van Paros – saam met hom is
honderd-en-vyftig manne in die geslagsregister opgeneem;
- ⁴ Eljehoënai, seun van Seragja, uit die nageslag van Pagat-Moab –
saam met hom tweehonderd manne;
- ⁵ Seganja, seun van Jagasiël, uit die nageslag van Sattu^w – saam met
hom driehonderd manne;
- ⁶ Ebed, seun van Jonatan, uit die nageslag van Adin – saam met hom
vyftig manne;
- ⁷ Jesaja, seun van Atalja, uit die nageslag van Elam – saam met hom
sewentig manne;
- ⁸ Sebadja, seun van Migael, uit die nageslag van Sefatja – saam met
hom tagtig manne;
- ⁹ Obadja, seun van Jegiël, uit die nageslag van Joab – saam met hom
tweehonderd-en-agttien manne;
- ¹⁰ Selomit, seun van Josifja, uit die nageslag van Bani^x – saam met
hom honderd-en-sestig manne;
- ¹¹ Sagaria, seun van Bebai, uit die nageslag van Bebai – saam met
hom agt-en-twintig manne;
- ¹² Joganan, seun van Katan, uit die nageslag van Asgad – saam met

^w8:5 **Sattu**: Hierdie naam ontbreek in die bronteks en is aangevul uit die Septuaginta.

^x8:10 **Bani**: Hierdie naam ontbreek in die bronteks en is aangevul uit die Septuaginta.

hom honderd-en-tien manne;

¹³ manne wat agterna gekom het uit die nageslag van die seuns van Adonika, naamlik Elifelet, Jeïel en Semaja – saam met hulle sestig manne;

¹⁴ Utai, uit die nageslag van Bigwai en ook Sakur^y – saam met hom sewentig manne.

Esra reis na Jerusalem

¹⁵ Ek het hulle bymekaargebring by die rivier wat na Ahawa loop. Daar het ons drie dae lank kamp opgeslaan. Ek kom toe agter dat daar onder die volk en die priesters geen Leviëte was nie. ¹⁶ Ek het toe vir Eliëser, Ariël, Semaja, Elnatan, Jarib, Elnatan, Natan, Sagaria en Mesullam, die familiehoofde, asook Jojarib en Elnatan, verstandige manne, ontbied ¹⁷ en hulle beveel om na Iddo, die hoof van die heilige plek by Kasifja, te gaan. Ek het aan hulle voorgesê wat hulle in Kasifja, die heilige plek, aan Iddo, sy ampsgenote en die tempelbediendes moes oordra, naamlik dat hulle vir ons dienaars vir die huis van ons God moet voorsien. ¹⁸ Omdat die goeie hand van ons God oor ons was, het hulle vir ons Serebja gestuur, 'n verstandige man uit die nageslag van Magli, seun van Levi, seun van Israel, asook sy seuns en ampsgenote, agtien manne; ¹⁹ en ook Gasabja, en saam met hom Jesaja, uit die nageslag van Merari, sy ampsgenote en hulle seuns, twintig manne; ²⁰ en van die tempelbediendes wat Dawid en die amptenare gegee het om die Leviëte by te staan, tweehonderd-en-twintig manne, almal by die naam aangewys.

^y8:14 *Sakur*: Die lesing van verskillende teksgetuies word hier gevolg. Die bronteks lui “Sabud”.

²¹ By die Ahawarivier het ek toe 'n vastyd uitgeroep. Die bedoeling was dat ons onself voor ons God sou verootmoedig om van Hom 'n voorspoedige reis te vra vir onself, ons afhanklikes en al ons besittings, ²² omdat ek te skaam was om van die koning soldate en perderuiters te vra om ons op die pad te beskerm teen vyande. Ek het immers vir die koning gesê: “Die hand van ons God is ten goede uitgestrek oor almal wat Hom raadpleeg, maar sy mag en sy woede tref almal wat Hom verlaat.” ²³ Ons het toe gevas en hieroor ons God se hulp gevra en Hy het ons gebede verhoor.

²⁴ Daarna het ek twaalf van die leierpriesters afgesonder: Serebja en Gasabja, asook tien van hulle ampsgenote. ²⁵ En ek het vir hulle die silwer en die goud en die voorwerpe afgeweeg, die bydraes vir die huis van ons God wat die koning, sy raadgewers en amptenare en die hele Israel wat daar teenwoordig was, gemaak het. ²⁶ Ek het dit op hulle hande afgeweeg: seshonderd-en-vyftig talente^z silwer, honderd voorwerpe van silwer met 'n gewig van twee talente, honderd talente goud, ²⁷ asook twintig goue bekere wat duisend darieke^a werd is en twee voorwerpe van goeie geelkoper, so waardevol soos goud. ²⁸ En ek het vir hulle gesê: “Julle is gewy aan die Here, en die voorwerpe is heilig. Die silwer en die goud is 'n vrywillige gawe aan die Here, die God van julle voorouers. ²⁹ Pas dit versigtig op totdat julle dit in die vertrekke van die huis van die HERE in Jerusalem afweeg in die teenwoordigheid van die leierpriesters en die Leviëte en die familiehoofde van Israel.” ³⁰ Die priesters en die Leviëte het toe die geweegde silwer en goud en die voorwerpe in ontvangs geneem om dit na Jerusalem, na die huis

^z8:26 *talente*: 'n Talent gewig was ongeveer 34,2 kilogram.

^a8:27 *darieke*: Geldstukke van goud. Een dariek het omtrent 8,42 gram geweeg.

van ons God te neem.

³¹ Ons het toe op die twaalfde dag van die eerste maand vanaf die Ahawarivier na Jerusalem vertrek. Ons God het sy hand oor ons gehou en ons bewaar van vyande en hinderlae langs die pad. ³² Ons het by Jerusalem aangekom en drie dae lank daar gebly. ³³ Op die vierde dag is die silwer en die goud en die voorwerpe in die huis van ons God afgeweeg in die hand van Meremot, die priester en seun van Uria. Eleasar, die seun van Pínehas, was saam met hom, en ook die Leviëte Josabad, seun van Jesua, en Noadja, seun van Binnui. ³⁴ Alles is getel en geweeg en die totale gewig is terselfdertyd opgeteken.

³⁵ Die ballinge wat uit die ballingskap aangekom het, het brandoffers gebring aan die God van Israel: twaalf bulle vir die hele Israel, ses-en-negentig ramme, sewe-en-sewentig lammers, en twaalf bokke as reinigingsoffer, alles as 'n brandoffer vir die HERE. ³⁶ Daarna het hulle die koning se bevale aan die koning se satrape^b en aan die goewerneys van Wes-Eufraat oorgedra, en hulle het almal hulle steun gegee aan die volk en die huis van God.

9

Die skuldbelydenis van die Jode

¹ *Nadat hierdie sake afgehandel is, het die leiers na my gekom en gesê: “Die volk Israel, die priesters en die Leviëte het hulle nie afgesonder van die naburige volke ten opsigte van die wanpraktyke van die Kanaäniete, die Hetiëte, die Feresiëte, die Jebusiëte, die Ammoniëte, die Moabiëte, die

^b8:36 *satrape*: 'n Verteenwoordiger van die Persiese koning in die provinsies van sy ryk.

*9:1-10:44 Joh 4:9

Egiptenare en die Amoriëte nie, ² maar van die dogters uit dié nasies vir hulle en vir hulle seuns as vroue geneem. So het die heilige saad vermeng geraak met die naburige volke. Ons leiers en regeerders het die voortou geneem met hierdie ontrouheid.”

³ Toe ek hiervan hoor, het ek my klere en my mantel geskeur* en die hare uit my kop en baard uitgepluk. Ek het verslae gaan sit. ⁴ Almal wat ontsag het vir die woorde van die God van Israel het om my saamgekom, waar ek tot met die aandoffer verslae gesit het oor die ontrouheid van die ballinge. ⁵ Met die aandoffer het ek opgestaan van waar ek in ootmoed geboë was, en met geskeurde klere en mantel op my knieë gaan staan en my handpalms na die HERE my God uitgesteek. ⁶ Ek het gesê: “My God, ek is te skaam en verleë om my gesig na U, my God, op te lig, want ons sonde het hoër as ons koppe opgestapel en ons skuld strek tot aan die hemel. ⁷ Van die tyd van ons voorvaders tot op hierdie dag is ons skuld groot. As gevolg van ons sondes is ons, ons konings en ons priesters uitgelewer aan die mag van die konings van ander lande, aan die swaard, gevangenskap, plundering en beskaming, soos dit vandag nog is.* ⁸ En nou, vir 'n kort oomblik, was daar genade van die HERE ons God om vir ons vrygeraaktes te laat oorbly,* en vir ons vastigheid^c in sy heilige gebied te gee, om ons oë te verhelder en ons 'n bietjie nuwe lewe in ons slawerny te gee. ⁹ Ons is inderdaad slawe, maar in ons slawerny het ons God ons nie verlaat nie. Hy het sy troue liefde oor ons uitgestrek voor die konings van Persië om aan ons nuwe lewe te gee, om die huis

*9:3 Matt 26:65

*9:7 Luk 21:24

*9:8 Jes 10:21-22

^c9:8 *vastigheid*: Die bronteks lui “'n tentpen”.

van ons God weer op te rig en die ruïnes daarvan te herstel en vir ons 'n skans in Juda en Jerusalem te gee.

¹⁰“Ons God, wat kan ons dan nou in die lig hiervan sê? Want ons het u opdragte verontagsaam ¹¹ wat U deur u dienaars, die profete, beveel het, ‘Die land waar julle ingaan met die doel om dit in besit te neem, is 'n besoedelde land. Dit is deur die nasies in daardie streke besoedel met hulle afstootlike gebruike. Hulle het dit van hoek tot kant gevul met hulle onreinheid. ¹² Moet daarom nie julle dogters aan hulle seuns gee nie, en moet ook nie hulle dogters vir julle seuns as vroue neem nie. Julle mag vir ewig nie hulle vrede en voorspoed nastreef nie,* sodat julle sterk kan wees en die goeie van die land kan geniet en dit vir altyd aan julle kinders kan nalaat.’

¹³“U, ons God, het ons sondeskuld minder geag as wat dit werklik is en van ons, soos ons hier is, laat vry word. Sal ons dan nou werklik, ná alles wat oor ons gekom het deur ons bose dade en ons groot skuld, ¹⁴ tog wéér u bevele minag en ondertrou met die volke wat hierdie gruweldade pleeg? Gaan U vir ons kwaad bly totdat ons vernietig is, sonder dat enige van ons oorbly, of vry raak? ¹⁵ HERE, God van Israel, U is regverdig, en tog het U ons laat oorbly as mense wat vry geraak het, soos dit vandag is. Hier is ons voor U met ons skuld, omdat niemand hieroor voor U kan bly staan nie.”

*9:12 Eks 34:12,15; Deut 23:6

Die vreemde vroue word weggestuur

¹ Terwyl Esra bid en belydenis doen, huil en homself neerwerp voor die huis van God, het daar uit Israel 'n baie groot menigte, mans, vroue en kinders, om hom versamel; want die mense het self ook bitterlik gehuil. ² Sekanja, die seun van Jegiël, uit die nageslag van Elam, het begin praat en vir Esra gesê: “Ons was ontrou teenoor ons God toe ons met vreemde vroue van die naburige volke getrou het. Maar tog is daar hoop vir Israel in hierdie saak. ³ Laat ons dan nou 'n verbond met ons God sluit om al die vroue en diegene wat uit hulle gebore is, weg te stuur, soos u, meneer, en ook die manne wat ontsag het vir ons God se gebod, ons aanraai. Daar moet volgens die wet opgetree word. ⁴ Staan op, want die saak is in u hande. Ons is saam met u. Wees sterk en tree op.” ⁵ Esra het toe opgestaan en die leierpriesters, die Leviëte en die hele Israel laat sweer dat hulle hiervolgens sal optree. Hulle het toe ook so gesweer.

⁶ Nadat Esra opgestaan het voor die huis van God, het hy na die kamer van Joganan, seun van Eljasib, gegaan. Hy het daarheen gegaan, maar glad nie brood geëet of enige water gedrink nie, omdat hy oor die ballinge se ontrouheid gerou het.

⁷ Daar is toe dwarsdeur Juda en Jerusalem op al die ballinge 'n beroep gedoen om in Jerusalem bymekaar te kom. ⁸ Elkeen wat nie binne drie dae sou opdaag soos die leiers en oudstes besluit het nie, se eiendom sou alles verbeurd verklaar word en hyself sou uitgesluit word uit die gemeenskap van die ballinge. ⁹ Al die manne van Juda en Benjamin het toe binne drie dae in Jerusalem bymekaar gekom. Dit was in die

negende maand, op die twintigste dag van die maand. Die hele volk het op die plein van die huis van God gesit en bewe van spanning hieroor, en ook as gevolg van die reënbuie. ¹⁰ Esra, die priester, het opgestaan en vir hulle gesê: “Julle was ontrou toe julle met vreemde vroue getrou het. Dit het daartoe bygedra om die skuld van Israel te vergroot!

¹¹ Daarom, doen nou belydenis voor die Here, die God van julle voorgeslagte. Doen sy wil en skei julle af van die naburige volke en doen afstand van die vreemde vroue.”

¹² Toe het die hele gemeenskap hardop geantwoord: “Ja! Ons is verplig om te doen wat u sê! ¹³ Maar hier is baie mense en dit is reëntyd. Ons het nie krag om buite te staan nie. Dit is nie 'n dag of twee se werk nie, want ons het baie oortree in hierdie saak. ¹⁴ Laat ons leiers asseblief namens die hele gemeenskap optree. Dan kan almal in ons dorpe wat met vreemde vroue getrou het, op vasgestelde tye saam met die oudstes en regters van elke dorp kom, sodat die brandende toorn van ons God oor hierdie saak van ons afgewend word.”

¹⁵ Net Jonatan, seun van Asael, en Jagseja, seun van Tikwa, het dit teengestaan, en Mesullam en Sabbetai, die Leviet, het hulle ondersteun. ¹⁶ Die ballinge het toe so gemaak. Vir die taak is Esra, die priester, afgesonder, asook manne wat familiehoofde was, almal by die naam, om namens hulle families op te tree. Op die eerste dag van die tiende maand het hulle gaan sit om die ondersoek te begin, ¹⁷ en teen die eerste dag van die eerste maand het hulle die saak van al die manne wat met vreemde vroue getroud was, afgehandel.

Priesters en Leviete wat ondertrou het

¹⁸ Daar is gevind dat daar van die afstammeling van priesters was wat

met vreemde vroue getrou het:

Uit die nageslag van Jesua, seun van Josadak, en sy familie, was dit
Maäseja, Eliëser, Jarib en Gedalja; ¹⁹ (hulle het plegtig belowe dat
hulle hulle vroue sou wegstuur en dat hulle 'n ram uit die
kleinvee as 'n skuldoffer sou bring;)

²⁰ uit die nageslag van Immer was dit

Ganani en Sebadja;

²¹ uit die nageslag van Garim was dit

Maäseja, Elia, Semaja, Jegiël en Usija;

²² uit die nageslag van Pasgur was dit

Eljoënai, Maäseja, Ismael, Netanel, Josabad en Elasa.

²³ Daar was ook van die Leviete naamlik

Josabad, Simeï, Kelaja (dit is Kelita), Petagja, Juda en Eliëser.

²⁴ Van die sangers was daar

Eljasib.

Van die hekwagters was daar

Sallum, Telem en Uri.

²⁵ Daar was ook van die Israeliete:

Uit die nageslag van Paros was dit

Ramja, Jissija, Malkija, Mijamin, Eleasar, Malkija en Benaja;

²⁶ uit die nageslag van Elam was dit

Mattanja, Sagaria, Jegiël, Abdi, Jeremot en Elia;

²⁷ uit die nageslag van Sattu was dit

Eljoënai, Eljasib, Mattanja, Jeremot, Sabad en Asisa;

²⁸ uit die nageslag van Bebai was dit

Joganan, Gananja, Sabbai en Atlai;

²⁹ uit die nageslag van Bani was dit

Mesullam, Malluk en Adaja, Jasub, Seal en Jeremot;

³⁰ uit die nageslag van Pagat-Moab was dit

Adna, Kelal, Benaja, Maäseja, Mattanja, Besaleël, Binnuï en
Manasse;

³¹ uit die nageslag van Garim was dit

Eliëser, Jissija, Malkija, Semaja, Simeon, ³² Benjamin, Malluk en
Semarja;

³³ uit die nageslag van Gasum was dit

Mattenai, Mattatta, Sabad, Elifelet, Jeremai, Manasse en Simeï;

³⁴ uit die nageslag van Bani was dit

Maädai, Amram, Uel, ³⁵ Benaja, Bedja, Keluhi, ³⁶ Wanja, Meremot,
Eljasib, ³⁷ Mattanja, Mattenai, Jaäsai, ³⁸ Bani, Binnuï, Simi,
³⁹ Selemja, Natan, Adaja, ⁴⁰ Maknadbai, Sasai, Sarai, ⁴¹ Asarel,
Selemja, Semarja, ⁴² Sallum, Amarja en Josef;

⁴³ uit die nageslag van Nebo was dit

Jeïel, Mattitja, Sabad, Sebina, Jaddai, Joël en Benaja.

⁴⁴ Al hierdie mans het met vreemde vroue* getrou, en daar was van hulle wat by die vroue kinders gehad het.

*10:44 Eks 34:12,15; Deut 23:6